Ons't gewag vi die Hanoverstraat se bus

soggens assie plekke noganie oepe is

Ons't gewag vi die Hanoverstraat se bus

saans assie plekke al toe is

Hoe call djulle vi ons? - die city se commuters

die labour-force

die labour-potential

die labour-source

en gits! Djulle punch tikkits

en djulle figure vi ons yt in djulle computers in

net so

kant en klaar

(anners riekent weer ons is die workers of de land

dja

en hulle riekent fight, dja

kòs hulle riekent workers of de world, unite!

Dja)

Nou daai's alles well en good en grand

ma eintlik issie lot van djulle laat

why?

simply kôs 'n mens figure nie mense daai ways yt

kôs vi daai ways praat oor mense issie lewe far te great

simply kôs orr mense moet 'n mens praat

net soes ‘n mens moet praat oor mense

dja net so

en daa’s niks annerste om te glo nie

why?

- kôs very simply mense is mense

dja, kôs very simply

net daai:

mense is mense

Adam Small en Chris Jansen (1973): „OOS WES TUIS BES DISTRIK SES“
Human & Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.

A selection of poems by Adam Small **transcribed and circulated for study purposes**:
Liberation Processes in pre- and post-colonial Southern Africa (LiPSA)
www.benkhumalo-seegelken.de